BYE

Vuilbroedsiekte ruk handuit in Wes-Kaap

DIE Ameriaanse vuilbroedsiekte (AFB) is besig om bykans epidemiese afmetings aan te neem onder die heuningbybevolking in dele van die Wes-Kaap. Boonop is daar geen aanduidings dat die Kaapse heuningby 'n natuurlike weerstand teen die siekte ontwikkel nie.

Mnr. Mike Allsopp, 'n navorser by die LNR op Stellenbosch, sê dit bedreig nie net volgehoue byeboerdery asook bestuiwing van gewasse in die Wes-Kaap nie, maar ook in die res van Suid-Afrika en selfs in Afrika.

Daarom is drastiese maatreëls nóú nodig om die siekte te keer, waaronder die aanstelling van by-inspekteurs en die afdwing van regulasies om AFB te bestry.

'n Vergadering met alle belanghebbendes is verlede maand op Stellenbosch gehou.

Daar het dit geblyk dat die uitbreking nie afgeneem het soos gehoop is nie. Die siekte kom nou in bykans alle byeboerderye voor. Dit benadeel die boerderye én die wilde byebevolking. Die gebruik van antibiotika word nie as 'n langtermyn-oplossing gesien nie. Boere is ook glo nie goed gerat om die siekte te beveg nie. Volgens Allsopp is opleiding en aanpassings in heuningby-bestuurspraktyke dringend nodig.

Die Wes-Kaapse Byebedryfsvereniging (WKBV) doen 'n ernstige beroep op die Wes-Kaapse departement van landbou om heuningby-regulasies wat handel oor AFB behoorlik af te dwing. Daarom word gevra dat spesiaal opgeleide inspekteurs daarvoor aangestel word. Die voorkoms en verspreiding van die siekte moet beter gemonitor word, terwyl meer navorsing nodig is.

Belanghebbendes op die vergadering het op die volgende stappe besluit:

- Die inligtingstuk *Lewe met AFB* moet teen einde vanjaar beskikbaar wees aan alle boere – ook in elektroniese formaat.
- 'n Reeks inligtingsdae gaan vanjaar deur die WKBV aangebied word.
- Vergaderings word beoog met gewasorganisasies wat afhanklik is van byebestuiwing om goeie strategieë daar te stel ten opsigte van die bestryding van AFB.

Die ondersteuning van die heuningbybedryf is belangrik om die verdere verspreiding van AFB te stuit.

Die voorwaarde is egter dat enige maatreëls nie Wes-Kaapse heuningboere moet benadeel en in 'n swakker mededingende posisie plaas nie. Sulke maatreëls sluit in 'n beperking op die verskuiwing van korwe en byeprodukte na ander dele van die land.

Allsopp sê die WKBV wil dringende gesprekke voer met die nasionale heuningby-beheerorganisasie (SABIO) asook die Departement van Landbou oor die bedreiging wat die siekte vir die land inhou. – JOHAN COETSEE

IN 'N BLIK



BREË GLIMLAGTE OOR GRONDPLAN

Dit is nie aldag dat kommersiële boere mnr. Senzeni Zokwana (middel), Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, en Gugile Nkwinti (regs), Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, so gelukkig sien wanneer daar grondsake gepraat word nie. Maar dit is juis wat 'n groep boere van die Witzenberg (Ceres, die Koue-Bokkeveld, Wolseley, Tulbagh, Breërivier-Noord en die Ceres-Karoo) reggekry het toe hulle op 6 Januarie hul grondhervormingsplan aan die Regering voorgelê het. Boere, die munisipaliteit Witzenberg en die gemeenskap het die Witzenberg-vennootskap begin. Dié vennootskap wil bykans 50 bemagtigingsprojekte op 4 200 ha se vrugte- en groentegrond begin. Dit sal volgens die PALS-raamwerk, waarmee mnr. Gerrit van Vuuren (links), 'n plaaslike prokureur, vorendag gekom het, geïmplementeer word. PALS staan vir Partnerships in Agri Land Solutions. Dit neem al die probleme en mislukkings van vorige grondhervormingsmodelle in ag en bied 'n genuanseerde oplossing vir grondhervorming. Die projekte word boonop ondersteun deur bemagtigingsplanne vir die landbouwaardeketting en maatskaplik-ekonomiese opheffingsprojekte vir die gemeenskap (soos opleidingsgeriewe, behuisingsprojekte en jeugprojekte). Dié plan is deur Nkwinti as "briljant" beskryf. Twee loodsprojekte is reeds suksesvol aan die gang. Die Witzenberg produseer byna 'n derde van Suid-Afrika se appels en pere (veral vir die uitvoermark) en meer as die helfte van die land se nektariens. Die gebied se jaarlikse bruto produksiewaarde is meer as R2 miljard, met buitelandse valuta-verdienstes van sowat R1,5 miljard. Groenteproduksie is net so belangrik in die streek en bykans 22% van Suid-Afrika se uie word daar geproduseer. Vir 'n eksklusiewe artikel oor dié grondoplossing, moenie *Landbouweekblad* van 30 Januarie misloop nie. FOTO: VERSKAF.